

# Die Boer se Vyfhonderd . . .



VYF jaar gelede was daar 'n boer wat hard op sy landerye gewerk en £500 uit die verkoop van sy produkte gespaar het. Omdat hy 'n boer was, en gevolglik nie te veel van die finansiële wêreld geweet het nie, het hy raad by sy vriende gaan inwin oor die beste manier om daardie geld te belê. Hy het gemeen dat die geld nou vir hom moes werk, want hy het



geglo dat as 'n mens swaar moes swoeg om iets te bekom, die resultaat also verkry, op sy beurt weer vir hom moet werk. En dis natuurlik 'n argument wat nie weggeredeneer kan word nie. As 'n boer hard werk, en uiteindelik genoeg spaar om 'n span osse te koop, moet daardie osse nie alleen sy oog behaag nie, maar hulle moet ook werk en meer geld vir hom verdien. Temeer—deur hul werk moet hulle, indien moontlik, ook die voorspoed van die hele gemeenskap verhoog. Op hierdie manier baat ook die bure by die geluk wat hom getref het.

Hy het met verskeie mense gesels oor die beste belegging van sy geld maar die advies en raadgewing wat hy gekry het, het grootliks verskil. Sy vrou het gemeen dat hulle die geld veelig moet wegbêre sodat dit altyd byderhand kan wees as hulle skielik 'n paar pond nodig kry.

Sy broer wat skynbaar oor alles en nog wat raad kon gee, maar nie juis 'n sukses van sy eie sake gemaak het nie, het hom aangeraai om stad-toe te gaan en die geld op die aandelebeurs te belê. Op hierdie manier, het hy gesê, kan die boer sy geld bes moontlik binne 'n paar weke verdubbel.



'n Handelaar het hom aangeraai om die geld in die bank te deponeer waaruit dit dan getrek kan word namate die boer dit nodig kry.

'n Ander kêrel het hom aangeraai om goedere te koop wat hy dan later teen 'n wins van die hand kan sit.

Omdat die boer teen hierdie tyd al taamlik in die middel van die wêreld was, het hy hom gewend tot 'n ou vriend wat heelwat kennis gehad het van boerdery, nywerhede en al die ander dinge wat tot die voorspoed van 'n gemeenskap bydra. „Ek sal u sê waar u u geld kan belê,” het sy vriend gesê. „Belê dit waar dit elke jaar met 6%, 7%, 8%, 9% of selfs 10% sal toeneem.”



„Waarvoor sal dit gebruik word?” het die boer gevra.

„My vriend, as 'n man op 'n verstandige manier aan die werk gesit word, werk hy nie alleen beter nie, maar hy verdien ook meer. Hierdie reël is natuurlik ook van toepassing op geld. As dit op 'n verstandige manier belê word, verdien dit meer vir die eienaar. Probeer dit gerus—en jy sal sien !”



Omdat die boer nie mooi geweet het wat hy moes doen nie, het hy besluit om almal se raad te volg.

Hy het £100 in 'n gat onder sy kombuisvloer begrawe. Hy het stad-toe gegaan en aandele ter waarde van £100 gekoop. 'n Verdere £100 is in die bank gedeponeer.

Hy het £100 se goedere gekoop wat hy self nie kon gebruik nie, en dit in die skuur gebêre—om dit later teen 'n wins van die hand te sit. Die oorblywende £100 het hy aan sy ou vriend gegee met die versoek dat dit vir hom belê moes word.

Die jare het vinnig verbygegaan. Intussen het hy herhaaldelik na die gat onder die kombuisvloer gegaan om 'n paar pond uit te haal vir die dingetjies wat hy en sy vrou nodig gekry het. Van tyd tot tyd het hy ook na die bank gegaan en 'n paar pond getrek—as sy eggenote by hom kom kla dat haar buurvrou iets nuuts aangeskaf het, wat sy self ook wou hê. Die goedere wat hy in die skuur gestoor het, het met verloop van tyd verwaarloos omdat hy nie die tyd gehad het om dit behoorlik te be-





waar nie. Hy moes dit later teen 'n verlies verkoop.



'n Paar weke gelede het hy as 't ware 'n voorraadopname gemaak.

Die £100 in die gat onder die kombuisvloer het verminder tot £64.10.0.

Die saldo in die bank het nou op £52 gestaan.

Die aandele wat hy op die beurs gekoop het, was net £92.18.0 werd.

Die goedere in die skuur moes vir £43 verkoop word.

Toe het hy na sy vriend gestap om uit te vind wat van sy laaste £100 geword het. „Jou £100 is nou £150 werd,” het sy

vriend gesê. „Maar dis nie al nie. Kom stap saam met my dorp-toe.”

Op die dorp wat gedurende die afgelope vyf jaar aansienlik gegroei het, het sy vriend hom gewys watter gebruik daar van sy geld gemaak is. Dit het die bakker gehelp om sy bakkery te verbeter. Dit het die



handelaar gehelp om sy winkel uit te brei. Dit het gehelp om 'n nuwe fabriek op te rig, wat op sy beurt weer nuwe huise vir die distrik beteken het.



„Al hierdie mense kan nou jou produkte koop,” het sy ou vriend gesê, „en hulle kan dit doen omdat jou £100 gehelp het om hul sake-ondernemings op 'n hegte grondslag te plaas. Jou geld het gedurende die afgelope vyf jaar dus jou eie voorspoed in die hand gewerk, want dit het nie ongebruik gelê nie; dit het toegeneem en bedra tans £150. Dis tog jammer dat jy nie my raad gevolg het en jou hele £500 op hierdie manier belê het nie.”



GELD is 'n vereiste vir iedere sake-onderneming en in die handels- en nywerheidswêreld is daar geen enkele man of geen klein groepie mense wat voldoende geld kan voorskiet om werk aan alle manne en vroue in Suid-Afrika te verskaf nie.

As ons dink aan die vinnige ontwikkeling van ons handel en nywerhede en die daaruit voortvloeiende voorspoed vir Suid-Afrika as 'n geheel, is daar een punt wat ons nie uit die oog moet verloor nie: Sonder die swaarverdiende spaargeld van duisende klein beleggers sou al hierdie hoogtepunte onmoontlik gewees het.

Waar geld werk, daar werk die mens. Werk is die sleutel tot voorspoed en veiligheid.

Maar waar geld ongebruik lê, daar vind ons werkloosheid en ontberings.

Spekulante op die Aandelebeurs het gedurende die afgelope vyf jaar verliese gely. Die kapitaal van houe van Geregistreerde Note sou binne dieselfde tydperk met 50% toegeneem het.

# LAAT U SWAARVERDIENDE GELD NOU VIR U WERK IN 'N VEILIGE EN GESONDE BELEGGING

Laat dit voorspoed skep waarin u kan deel, terwyl dit  
tegelykertyd jaarliks toeneem teen 'n rentekoers van

6% 7% 8%  
9% & 10%

Belê u geld in Geregistreerde £100-note,  
uitgereik deur die

## Mercantile Acceptance Corporation of South Africa Ltd.

DIREKTEURE:

DR. F. P. GROBBELAAR (VOORSITTER) H. R. BROWN,  
LT. KOL. N. J. GROBBELAAR, M.B.E., L. C. F. TALJAARD (ALT. I. A. CARROLL)  
L. S. DU TOIT,

AANDELEKAPITAAL: Gemagtig ..... £250,000  
Uitgereik en Opbetaal ..... 95,975  
Bate Meer As ..... 150,000

Geregistreerde Kantore:

COMMISSIONERSTRAAT 21 - JOHANNESBURG

Telefoon 34-1553/4  
34-1655  
33-9898



Posbus 7841  
Kabels:  
„MAZUMA“



# Die BEGINSEL en BELEID van GEREГИSTREERDE MERCANTILE-NOTE

Die bedrywighede van die Mercantile Acceptance Corporation of South Africa Limited is 'n saak van groot openbare belang, want die Maatskappy finansier gesonde en gevestigde industriële en kommersiële ondernemings in Suid-Afrika. Om tred te hou met die vinnige vooruitgang van die Korporasie en die steeds toenemende aanvraag na sy dienste, is daar nou besluit om 'n reeks Geregistreeerde Note in eenhede van £100 elk uit te reik, wat oordraagbaar is deur middel van registrasie en nie aan waardevermindering in die kapitaal onderhewig is nie. Hierdie Note word vir die volgende termyn en teen onderstaande rentekoers uitgereik:—

## DINK AAN HIERDIE VOORDELE:—

Termyn ... ..	1 Jaar	2 Jaar	3 Jaar	4 Jaar	5 Jaar
Rentekoers p.i. ...	6%	7%	8%	9%	10%

Rente is half-jaarliks betaalbaar op 30 Junie en 31 Desember en die balans by vervalling.

Die hoë rentekoers word verkry uit die volgende:—

- Deur die verdiskontering van gesonde industriële huurkoop-ooreenkomste. Die inkomste uit hierdie besondere tipe transaksie regverdig ruimskoots die uitbetaling van 6%, 7%, 8%, 9% en 10% rente.

(b) Die akseptering van versekerde handelswissels.

(c) Onderskrywing.

(d) Die finansiering, bestuur en reorganisasie van gevestigde industriële en handelondernemings.

Deur middel van ons interne organisasie, bestaande uit ervare en gekwalifiseerde personele, is die Korporasie ook in staat om sy inkomste te verhoog deur:

- Bestuurs- en sekretariële werk te doen vir ondernemings wat deur die Korporasie gefinansier is, en,
- regstreeks deel te neem aan die industriële en verspreidingsondernemings wat deur die Korporasie gefinansier word.

Alle finansiële en leningstransaksies van die Korporasie word beskerm deur eerstegraadse sekuriteite wat die Korporasie en sy beleggers ten volle beveilig.


Die intrinsieke waarde van die Korporasie se bate en die inkomste verkry uit sy bedrywighede waarborg die stiptelike vereffening van alle rente en die terugbetaling van die volle kapitaalbedrag op die vervaldag. Die Korporasie se Uitgeleë en Opbetaalde Kapitaal is £95,975 en die Bate oorskry £150,000.

## TIPIESE VOORBEELDE VAN MERCANTILE-GESTEUNDE VOORUITGANG EN VOORSPOED



Toekomstige Hoofkwartier in die voorgestelde MACOSA-GEBOU (nou onder konstruksie), hoek van Commissioner- en Bezuidenhoutst., Johannesburg.

Die Mercantile Acceptance Corporation verleen waardevolle hulp in die ontwikkeling van talle industriële en kommersiële ondernemings. Onder meer bevorder die Korporasie die Suid-Afrikaanse tekstielbedryf deur groothandelaars in weefstowwe te finansier. Hulp word ook verleen vir die oprigting en ontwikkeling van fabriek asook finansiële steun vir sekere industriële huurkoop-ooreenkomste.



Voorgestelde nuwe fabriek vir die TAFCO TOOL MANUFACTURING Co. (Pty.) Ltd., Duncanville, Vereeniging, een van die nywerhede wat deur die Mercantile Acceptance Corporation of South Africa, Limited, gefinansier word.



# Aansoekvorm

Die Sekretaris,  
Mercantile Acceptance Corporation of S.A., Ltd.,  
Posbus 7841,  
Johannesburg.

Waarde Heer,

Ek/Ons sluit hiermee my/ons tjek groot £.....  
in vir:—

..... 6% Geregistreeerde Note van £100 elk, terug-  
betaalbaar na 1 jaar.

..... 7% Geregistreeerde Note van £100 elk, terug-  
betaalbaar na 2 jaar.

..... 8% Geregistreeerde Note van £100 elk, terug-  
betaalbaar na 3 jaar.

..... 9% Geregistreeerde Note van £100 elk, terug-  
betaalbaar na 4 jaar.

..... 10% Geregistreeerde Note van £100 elk, terug-  
betaalbaar na 5 jaar.

en ek/ons versoek u om my/ons Note te registreer in die naam  
van:—

Volle Naam .....

Adres .....

Datum .....

Gewone Handtekening .....

LET WEL: 'n Getroude vrou moet bygestaan word deur haar eggenoot—  
tensy haar huweliksvoorwaarde-kontrak vir registrasie ingedien  
word.

Alle tjeks wat nie op 'n Johannesburgse bank getrek is nie,  
moet kommissie insluit teen 'n bedrag van 2/6 vir elke £100.



# MERCANTILE ACCEPTANCE CORPORATION OF SOUTH AFRICA LIMITED

(GEINKORPOREER IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA)

GEREGISTREERDE KANTOOR: COMMISSIONERSTRAAT 21, JOHANNESBURG

Aandeelkapitaal: Gemagtig: £250,000, verdeel in 2,000,000 aandeel van 2/6 elk. Uitgereik: £95,975.

O/N Nr. ....

TR. Nr. ....

EENHONDERD  
POND

GEREGISTREERDE £100-NOOT



GEREGISTREERDE NOTE, UITGEREIK Kragtens die akte van oprigting en die statute van die Maatskappy en 'n besluit van die Direkteur van die Maatskappy, geneem op 27 Junie 1932 in Johannesburg.

*Vir waarde ontvang sal die Mercantile Acceptance Corporation of South Africa Limited op die vervaldag van hierdie Noot, en onderhewig aan die voorwaardes wat hierop geëndosseer is, die bedrag van £100 (eenhonderd pond) aan*

*van* ..... *of ander geregistreerde houer hiervan betaal.*

*Die vervaldag van hierdie Noot is* ..... *Die jaarlikse rentekoers op hierdie Noot is*  
*Tydens die geldigheid van hierdie Noot sal rente halfjaarliks op 30 Junie en 31 Desember in iedere*  
*jaar aan die geregistreerde houer betaal word, en die balans van die rente op die vervaldag, saam*  
*met die kapitaalbedrag.*

Om te voldoen aan die bepalinge van Wet Nr. 37 1926, soos gewysig, word verklaar: (a) Dat hierdie Noot uitgerek word vir geld wat geleen en werklik voorgeskiet is; (b) Dat die kapitaalbedrag van die werklike lening van £100 is; en (c) Dat die rente wat ten opsigte van die lening betaalbaar is op die voorkant hiervan verskyn. Hierdie Noot word uitgerek onderhewig aan en met die voordele voortspruitende uit die voorwaardes wat hierop geëndosseer is, wat as deel van die Noot beskou word.

*Uitgereik onder die Seel van die Maatskappy.*

*In Johannesburg op die* ..... *dag van* .....

*Mede-onderteken: Rekenmester* .....

MERCANTILE ACCEPTANCE CORPORATION OF SOUTH AFRICA, LTD.

Direkteur  
Hoofbestuurder

THE MERCANTILE INDUSTRIAL CREDIT CORPORATION (PTY.) LTD.

Sekretaris

Per .....

100  
POND

100  
POND

100  
POND

100  
POND

**Collection Number: A3299**

**Collection Name: Hilda and Rusty BERNSTEIN Papers, 1931-2006**

***PUBLISHER:***

*Publisher:*           **Historical Papers Research Archive**  
*Collection Funder:* **Bernstein family**  
*Location:*           **Johannesburg**  
                              **©2015**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of the ***Hilda and Rusty Bernstein Papers***, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.